

Die hooftemas van I en II Petrus



Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Jesaja 53:5, 6,9; Levitikus 16:16–19; Levitikus 11:44; Romeine 13:1–7; I Korintiërs 14:40; II Timoteus 3:16.

Geheeteks:

“wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is” (*I Petrus 2:24*).

Die Briewe van I en II Petrus was vir praktiese doeleindes geskryf. In I Petrus was die groot vraagstuk waarmee hy te doen gehad het die vervolging wat die Christene moes deurmaak. In II Petrus het dit oor valse leraars gegaan. Hy het kragtig en met gesag geskryf om sy lesers aan te moedig en om hulle ook te waarsku teen die uitdagings wat oor hulle pad sou kom. Wat belangrik is, is dat Petrus beide vraagstukke teologies hanteer. Die lydinge wat deur vervolging veroorsaak was, het Petrus laat nadink oor die lydinge en dood van Jesus wat ons redding tot gevolg gehad het. Die valse leraars sou die werklikheid van die oordeel ondervind met Jesus se Wederkoms. Hierdie is sommige van die temas wat Petrus in sy twee briewe behandel.

In hierdie laaste week van die kwartaal se les kyk ons meer volledig na vyf van die temas waarvoor Petrus geskryf het: die lyding van Jesus wat ons redding tot gevolg gehad het; ons praktiese optrede omdat ons weet dat ons deur God geoordeel gaan word; ons hoop op die spoedige terugkoms van Jesus; orde in die gemeenskap en in die kerk; en die rol van die Skrif om ons lewens te rig en te lei.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 24 Junie.*

Lyding, Jesus, en Redding

Lees die volgende Skrifgedeeltes en let op wat elkeen oor die verlossingsleer openbaar:

1 Pet. 1:2 _____

1 Pet. 1:8, 9 _____

1 Pet. 1:18, 19 _____

1 Pet. 2:22–25 _____

1 Pet. 3:18 _____

Wanneer Petrus oor verlossing praat, is dit gewoonlik in die konteks van Jesus se lyding as plaasvervanger vir sondaars. Byvoorbeeld, in I Petrus 2:22–24 waar Petrus oor die lyding van Jesus skryf, weerspieël sy taalgebruik Jesaja 53:5, 6, 9. Die sinsnedes, “wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het” en “deur wie se wonde julle genees is” (*1 Pet. 2:24*), dui op plaasvervangende en offerande.

In baie van die sondoffers wat in die Hebreuse Bybel beskryf word, het sondaars hulle offers na die tempel gebring en hulle hande daarop gelê. Hierdie optrede het die sonde van die sondaar simbolies van die sondaar na die dier (‘n bokooi) oorgedra, wat dan in die plek van die sondaar gesterf het (*Lev. 4:29, 30, 33, 34; 14:10–13*). Die onreinheid van die sonde wat op die altaar opgehoop het, was dan op die Dag van Versoening verwyder (*Lev.16:16–19*).

Die bloed van die sondoffer het ‘n belangrike rol in die versoening van sonde gespeel. Christene was deur die kosbare bloed van Jesus losgekoop (*1 Pet. 1:18, 19*). Paulus het ook dieselfde gedagte van plaasvervangende uitgespreek: Jesus, wat geen sonde geken het nie, het sonde vir ons geword (*II Kor. 5:21*). Soos wat I Petrus 3:18 ook te kenne gee, Christus het vir ons sondes gely, die Regverdige (Jesus) vir die onregverdige (ons).

Net soos Paulus (*Rom. 3:21, 22*) beklemtoon Petrus die noodsaaklikheid om te glo. Hy sê aan sy lesers: “vir wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog liefhet . . . en die einddoel van julle geloof, die saligheid van julle siele, verkry” (*1 Pet. 1:8, 9*). Verlossing word nie deur godsvrug verdien nie, maar dit word geskenk wanneer ons glo in wat Jesus vir ons gedoen het, en wanneer ons Hom as ons persoonlike Saligmaker aanvaar. Die sekerheid van ons redding word in Hom gevind, nie in onself nie. Indien dit deur ons eie toedoen was, watter ware versekering sou ons gehad het?

Hoekom is Jesus, ons Plaasvanger, die Groot Hoop van ons verlossing? Watter bemoediging kry jy uit hierdie wonderlike waarheid?

Hoe behoort ons te leef?

‘n Tema wat meer as enige ander onderwerp deur Petrus herhaal word, word deur hom in vraagvorm in II Petrus 3:11 geopper: “Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie?”

Lees die volgende tekse. Wat sê Petrus oor Christelike gedrag? I Pet. 1:15–17, 22; I Pet. 2:1; I Pet. 3:8, 9; I Pet. 4:7–11; II Pet. 3:11.

Petrus verwys ‘n paar keer na Christelike gedrag in sy twee briewe, en ‘n paar temas kom herhaaldelik voor. Eerstens beklemtoon hy tweekeer die verband tussen die oordeel van God en Christelike gedrag (*I Pet. 1:17 en II Pet. 3:11*). God sal almal se handelswyses beoordeel. ‘n Christen behoort dus ‘n heilige lewe te lei.

Tweedens noem hy verskeie kere dat Christene heilig moet wees. In die Hebreuse Bybel word gebruiksartikels wat heilig is, eenkant vir gebruik in die tempel (*Exod. 26:34; 28:36; 29:6, 37*) of vir God se doel gehou (*byvoorbeeld die Sabbat in Génesis 2:3*). Feit is dat in God se plan Sy mense heilig moet wees, net soos Hy heilig is; (*vergelyk Levítikus 11:44; 19:2 en I Pet. 1:15, 16*). Die proses om iets eenkant te hou omdat dit heilig is, word “heiligmaking” genoem, en Petrus se begeerte is dat sy lesers deur die Gees heilig gemaak sal word en dat hulle aan Jesus gehoorsaam sal wees (*I Pet. 1:2*).

Derdens het Petrus spesifieke gedraglyne daargestel wat by diegene hoort wat heiligmaking ondervind. Hulle behoort hulself van boosheid, bedrog, geveinsdheid, afguns en kwaadpraterij te verwyder (*I Pet. 2:1*). Hulle behoort eensgesind, medelydend, vol broederliefde en vriendelik te wees (*I Pet. 3:8, 9*). Hulle behoort goeie deugde, Godsvrug en naasteliefde na te streef (*II Pet. 1:5–7*). Hulle moet inderdaad mekaar vurig liefhê (*I Pet. 4:7–11*). Laastens moedig Petrus sy luisteraars aan om al hulle bekommernis op Jesus te werp (*I Pet. 5:7*).

Hoe kan ons leer om mekaar te bemoedig op maniere wat nie veroordelend is nie, om die soort lewe te lei waarop Petrus in sy briewe ‘n beroep doen?

Hoop op die Tweede Koms

Lees die volgende teksverse en let op na wat oor toekomstige gebeure gesê word:

1 Pet. 1:4 _____

1 Pet. 1:17 _____

1 Pet. 4:5, 6 _____

1 Pet. 4:17 _____

2 Pet. 3:1–10 _____

Een van die kernvraagstukke wat Petrus se eerste lesers van I Petrus mee te doen gehad het, was vervolging. Petrus bemoedig sy lesers met die gedagte dat, al word hulle lewens deur vervolging bemoeilik, is daar ‘n toekomstige beloning wat op hulle in die hemel wag, ‘n beloning wat nie van hulle weggeneem kan word nie. Reeds vroeg in I Petrus noem hy dat Christene ‘n onverganklike erfenis het wat vir hulle in die hemel bewaar word (*I Pet. 1:4*).

Petrus bring twee dinge na vore wat in die toekoms sal plaasvind: die laaste oordeel en die uitwissing van sonde deur vuur. Met ander woorde, hy wys daarop dat alhoewel daar nou vervolging heers, reg en geregtigheid sal seëvier, en dat die gelowiges hulle ewige beloning sal ontvang. Petrus noem die oordeel by drie verskillende geleenthede (*I Pet. 1:17; 4:5, 6, 17*). Hy sê dat God die Vader alle mense sonder aanneming van die persoon oordeel volgens elkeen se werk (*I Pet. 1:17*). Hy noem dat Jesus self gereed staan om die “lewende en die dode te oordeel” (*I Pet. 4:5*). Hy maak ook die belangwekkende waarneming dat die oordeel by die huis van God begin (*I Pet. 4:17*). Petrus beklemtoon ook dat “die goddelose mense” deur ‘n wêreldwye vuur vernietig sal word (*II Pet. 3:7*).

Petrus gee ook heelwat aandag aan die vraagstuk of Jesus wel gaan terugkom (*II Pet. 3:1–10*). Hy dui aan dat die oënskynlike “vertraging” van Jesus se Tweede Koms meer mense die kans kan gee om tot bekering te kom en gered te word. Hy wys ook daarop dat die werklikheid van ‘n toekomstige oordeel almal behoort te oortuig om heilig en Godvrugtig te lewe. Aldus, hoe Petrus ook al op die huidige lewe en op praktiese Christelike gedrag konsentreer, vestig hy sy lesers se aandag op die toekomstige hoop wat op hulle wag. Kortliks, wat die omstandighede ook al huidiglik is, moet hulle in geloof en gehoorsaamheid vooruitbeur.

Hoekom moet jy ook in geloof en gehoorsaamheid vooruitbeur afgesien van wat jou omstandighede ook al is? Watter ander keuse is daar vir jou?

Orde in die gemeenskap en in die kerk

Lees die volgende Skrifgedeeltes. Wat sê Petrus in hierdie teksverse oor die belangrikheid van beide owerheids- en kerkleierskap, en hoe Christene teenoor albei behoort te reageer? Hoe behoort sy woorde op ons omstandighede vandag toegepas te word afgesien van waar ons woon?

1 Pet. 2:11–21 _____

1 Pet. 5:1–5 _____

Petrus het gedurende ‘n tyd toe Christene van tyd tot tyd deur regerings- en godsdienstige leiers vervolgd was, geleef. Dit maak wat hy en Paulus te sê gehad het oor die gepaste rol van regeringsmagte, meer belangrik (*1 Pet. 2:13–17, Rom. 13:1–7*). Vir beide Petrus en Paulus word owerhede deur God self gekies om kwaaddoeners in toom te hou. Natuurlik is daar tye wanneer die owerhede probleme veroorsaak. Christene het daarmee te doen gekry gedurende Petrus se leeftyd, en dit sou nog erger word oor ‘n tydperk van baie jare. Maar, oor die algemeen, word daar ooreengestem dat goeie heersers wet en orde in stand moet hou. Selfs vandag is daar voorbeelde waar wet en orde skipbreuk gelei het, en waar daar ‘n desperate behoefte is vir verstandige leierskap. Dit is waar; goeie owerhede is een van die seëninge van God wat Hy aan die mensdom gegee het. Petrus sou ongetwyfeld met Paulus se oortuiging saamgestem het dat goeie kerkleierskap ook belangrik is. Paulus dring daarop aan, “Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan” (*1 Kor. 14:40*), in die kerk en waar daar aanbid word. Netso vra Petrus die kerkleiers om “as herders toesig [te hou] oor die kudde van God wat onder julle is” (*1 Pet. 5:2*). Hulle moes dit gewilliglik en bereidwillig doen. Die plaaslike kerke moet goeie leierskap hê. Goeie leiers verskaf visie en goeie samesyn, en stel mense in staat om hulle geestelike gawes tot die eer van God te beoefen.

In 1 Peter 5:5 lees ons dat jy jouself “met ootmoed [moet beklee] in onderdanigheid aan mekaar”. Hoe kan ons leer om dit te doen? Wat kan jy doen om hierdie raad op jouself toe te pas in jou wisselwerking met andere?

Die Oppergesag van die Skrif

Lees die volgende Skrifgedeeltes. Wat sê hulle oor die Bybel wat ons huidiglik kan help om te verstaan wat die Bybel se rol in ons lewens en in ons geloof, behoort te wees?

1 Pet. 1:10–12 _____

2 Pet. 1:16–20 _____

2 Pet. 3:2 _____

2 Pet. 3:16 _____

In sy tweede brief spreek Petrus die valse leraars aan. Hy verwys sy lesers na twee gesagsbronne as hy sê, “sodat julle die woorde kan onthou wat deur die heilige profete tevore gespreek is, en die gebod van ons, apostels van die Here en Verlosser” (*II Pet. 3:2*). Vandag neem ons ook ons toevlug na die woorde van die “heilige profete” — met ander woorde, die Ou Testament. Die lewende apostels is natuurlik nie langer met ons nie, maar in ‘n sekere mate het ons toegang tot iets beter: hulle geïnspireerde getuienis soos geopenbaar word in die Nuwe Testament. Mattheüs, Markus, Lukas en Johannes het vir ons die gesaghebbende verhaal van Jesus se lewe, sy dood en opstanding vertel. In die Handeling van die Apostels lees ons die verhale van die apostels se werk wat hulle gedoen het. En ons kan ook die hulle geïnspireerde woorde lees. Paulus skryf kragtig oor die gesag van God se Woord (*II Tim. 3:16*). Petrus verwys sy lesers na die Skrif as die bron van leerstellige en sedelike gesag.

In II Peter 3:16 waarsku Petrus sy lesers en luisteraars dat alhoewel die Skrif die bron van waarheid is, dit verkeerd verstaan kan word indien daar nie versigtig opgelet word na die boodskap wat die Heilige Gees wil hê dat ons moet verstaan nie, en dat dit verskriklike gevolge kan hê.

Sy woorde behoort herinner ons vandag nog aan die grondbeginsels van hoe die Bybel bestudeer moet word. Ons behoort ‘n Skrifgedeelte biddend te lees. Ons behoort dit in die konteks van die hoofstuk, die boek en die hele Bybel te lees. Waaroor het die skrywer spesifiek gepraat toe hy geskryf het? Ons behoort dit in die historiese konteks en omstandighede toe dit geskryf was, te lees. (In die geval van I en II Petrus, is dit gedurende die Romeinse Ryk se heerskappy in die eerste eeu geskryf.) Ons behoort dit met ‘n soeke na geestelike insig te lees, en met die wete dat die redding wat ons ontvang het deur die opofferende dood van Christus die kernboodskap van die Bybel is (*I Pet. 1:10–12*). Laastens, ons behoort dit in die konteks van ons eie lewens te lees. Watter waarheid wil God hê moet ons ontvang? Hoe kan ons die geskrewe Woord in ons eie lewens toepas op ‘n manier wat ‘n positiewe bydrae tot die koninkryk van God kan maak?

Vir verdere studie:

Selfs te midde van moeilike teologie, plaas Petrus sterk klem op hoe die Christen andere moet behandel. Met ander woorde, ons moet die waarheid soos dit in Jesus gesien word, ken. En wat nog meer belangrik is, ons moet die waarheid ook utoeleef. Vroeg in sy eerste brief skryf hy hierdie mooi woorde: “As julle in gehoorsaamheid aan die waarheid julle siele deur die Gees tot ongeveinsde broederliefde gereinig het, moet julle mekaar vurig liefhê uit ‘n rein hart” (*I Pet. 1:22*). Let op hoe hy die reiniging van ons siele met gehoorsaamheid aan die waarheid koppel. Die waarheid verander ons om mekaar vuriglik lief te hê en met ‘n “rein hart”. Gehoorsaamheid, ‘n rein hart, en liefde — hierdie is aldie verwant aan mekaar. Dit is die ideaal waarna ons moet streef. Kan jy jouself indink hoe anders ons lewens en ons kerke sou wees indien ons hierdie opdrag sou uitvoer? Indien niks anders nie, dink daaraan wat dit vir kerkeenheid sal doen? “Broeders, sal julle Christus se gesindheid saam met julle neem terwyl julle na julle huise en kerke terugkeer? Sal julle met ongelooft en beoordeling wegdoen? Ons nader ‘n tyd wanneer ons, meer as ooit te vore, sal moet saamstaan om as ‘n eenheid saam te werk. Eenheid maak mag. Tweedrag en onenigheid veroorsaak verswakking.” — Ellen G. White, *Selected Messages*, boek 2, bl. 373-374 (*vrye vertaling*).

Vrae vir bespreking:

1. In II Petrus 3:12 skryf die apostel van “julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt”. Wat beteken die sinsnede “julle wat die koms van die dag van God verhaas”? Hoe kan ons die dag van God, die Tweede Koms, verhaas?
2. Ons sê dat die natuur die “tweede boek” van God is. Ongelukkig, soos met God se eerste boek (die Bybel), kan die tweede boek ook verkeerd verstaan word. Byvoorbeeld, vir baie mense is die boodskap dat die natuur met ‘n doel geskep is, weggedoen mee, en is dit vervang met die Darwinistiese idee van toevallige verandering en natuurlike seleksie. Die wêreld, word ons vertel, was nie geskep nie; dit lyk net so vir ons. Hoe moet ons dan die tweede boek reg lees en reg interpreteer? Wat is die beperkinge van wat die tweede boek ons oor God kan leer? Watter hulp kan ons kry van die eerste boek wat ons kan help om die tweede een reg te verstaan? Wat gebeur wanneer ons interpretasie van die natuur, die tweede boek, nie ooreenstem met ons interpretasie van die eerste een, die Bybel, nie? Waar lê die probleem?